
## RATKASTE



Falcon-ratkas

Een van die suksesgeheime van die Falcon-wentelsnyers is dat die F50-, F60- en F80-reekse met Falcon se plaaslik-vervaardigde swaardiens- en ekstraswaardiens-ratkaste toegerus is. Die Falcon-ratkas, wat volledig deur ons vervaardig word, het bewys dat dit in alle gebruikstoestande 'n lang, moeitevrye lewensduur het, want dit is spesifiek ontwerp om Afrika se buitengewone werkstoestande te weerstaan en ook die groter krag van nuwe-generasie-trekkers te absorbeer. Al die onderdele wat deur Falcon gemaak word, word vir twee jaar vir die F60 en die F50 en F80 vir drie jaar, teen foutiewe vervaardiging gewaarborg. Omdat hulle plaaslik vervaardig word, is die onderdele ook maklik en vinnig bekombaar.

## KONSTRUKSIE

Falcon-wentelsnyers word vervaardig van topgehalte-staalplate wat spesiaal met gestiksweiste hoek- en kanaalyster versterk is om verwringing en spanningsbreuke te verminder. Ons maak gebruik van 45 grade-plaatsteun-insetsels om maksimum sterkte te verseker.



Spuitverf

### METAALBEHANDELING EN VERF

Alle Falcon vervaardigde onderdele ondergaan 'n vyftenk-suurbad-skoonmaak- en -fosfaatbehandelingsproses. Die grondverflaag word dan deur algehele onderdompeling in 'n verftenk aangebring, wat verseker dat alle versteekte dele, holtes en ander ruimtes bereik word.

## DRYFASSE

Alle implemente word saam met gepaste, ten volle beskutte kragaftakkerasse voorsien. Wringkragbeperkende gly-koppelaars word voorsien waar dit gespesifiseer word. Opsionele vryloopkoppelaars kan voorsien word indien nodig.



Kragaftakas en glykoppelaar

## TOONAANGEWENDE WAARBORGE

Terwyl die bedryfstandaard vir implementwaarborge een jaar is, is ons as 'n spesialisvervaardiger van wentelsnyers met 'n produksie- en verkoopsrekord van meer as 30 jaar so oortuig van die betroubaarheid van ons werktuie en hul vermoë om die werk te doen dat ons die waarborgtydperk op baie van ons implemente tot twee of drie jaar verleng het. Waarborgtydperke en bepalings en voorwaardes word in die betrokke operateurshandleiding gespesifiseer.

FALCON Est. 1985

## DIE FALCON REEKS VAN IMPLEMENTE




**TAAI BETROUBAAR DUURSAAM**

Alle Falcon-implemente is ontwerp om eenvoudig, veilig en diensbaar te wees, en bied uitstekende waarde vir geld. Hulle is gebou om te hou en kan die taai Suid-Afrikaanse toestande hanteer.

Falcon Agricultural Equipment (Edms.) Bpk. verkoop ook 'n verskeidenheid ingevoerde strooiers, spuite, grondbewerkingsimplemente, gespesialiseerde grassnyers en stokkiekappers.

FALCON Est. 1985

AMAZONE

Tel +27 (0) 33 330 4764
Verkope +27 (0) 33 330 5787
info@falconequipment.co.za
www.falconequipment.co.za
facebook.com/falconequipment

Kry ons op

## DIE FALCON-BELOFTE

Die Falcon-belofte is ons besigheidsfilosofie wat die grondslag van Falcon se kernwaardes en diensvlakke vorm. Dit is wat ons elke dag uitleef en hoe ons sake doen.

**ONDERVINDING**
Meer as 30 jaar se ontwerp, vervaardiging, invoer, verspreiding en verkoop van 'n wye verskeidenheid landbou-implemente vir Suid-Afrikaanse boere se uiteenlopende behoeftes.

**KLANTEDIENS**
Ons ondersteunende, professionele, doeltreffende en flink klantediens is waarop ons 31+ jaar se besigheid gebou is.

**EKONOMIES**
Spesifiek vir die Suid-Afrikaanse boer deur Suid-Afrikaners gebou. Geen wisselkoerse of invoerbelasting nie.

**ONTWERP**
Eenvoudig
Veilig
Diensbaar
Gebou om te hou

**ONS WAARDES**
Eerlikheid
Vertroue
Respek
Integriteit

**PLAASLIK**
Vir Suid-Afrika se taai toestande gemaak. Geredelik beskikbare onderdele en uitmuntende klantediens.

### FALCON AGRICULTURAL EQUIPMENT (EDMS.) BPK.

Falcon Agricultural Equipment (Edms.) Bpk. is die grootste vervaardiger van wentelsnyers in Afrika. Die maatskappy het sy deure in 1985 by sy huidige perseel in Howick, KwaZulu-Natal, Suid-Afrika geopen. Ons vervaardig die Falcon- en Staalmeester-implementreekse, en voer ook 'n reeks implemente in wat die plasslik-vervaardigde produkte aanvul.

Ons het langdurige verhoudings met ons handelaars en hul kliënte opgebou, gebaseer op eerlikheid, vertroue, respek en integriteit. Uitstekende kliëntediens is 'n belangrike deel van die Falcon-belofte.

Proud member of SAAMA SA Agricultural Machinery Association

www.falconequipment.co.za

# FALCON Est. 1985

# GRASSNYERS
















**TAAI BETROUBAAR DUURSAAM**

www.falconequipment.co.za

## REEKS

| Model | Sny-wydte (m) | Lemme | Ratkas | Gly-koppelaar | Totale massa (kg) | Afmetings Lengte/ | Afmetings Wydte (mm) | Sny-hoogte Min/ Maks (mm) |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **ROLLERMOWER** | | | | | | | | |
| **Ligtediens** | | | | | | | | |
| F25/90RM | 0,9 | 3 | F25 | Opsioneel | 185 | 1 330 | 1 100 | 0/100 |
| F25/120RM | 1,2 | 4 | F25 | Opsioneel | 238 | 1 580 | 1 380 | 0/100 |
| **Mediumdiens** | | | | | | | | |
| F40/120RM | 1,2 | 4 | F40 | Standaard | 345 | 1 600 | 1 370 | 0/100 |
| F40/150RM | 1,5 | 4 | F40 | Standaard | 472 | 1 730 | 1 950 | 0/100 |
| **Swaardiens** | | | | | | | | |
| F50/150RM | 1,5 | 4 | F50 | Standaard | 493 | 1 730 | 1 950 | 0/100 |
| F50/180RM | 1,8 | 4 | F50 | Standaard | 595 | 2 370 | 2 060 | 0/100 |
| **GRASSMULCHER™** | | | | | | | | |
| **Ligtediens** | | | | | | | | |
| F25/120GM | 1,2 | 4 | F25 | Opsioneel | 309 | 1 700 | 1 420 | 10/100 |
| **Mediumdiens** | | | | | | | | |
| F40/150GM | 1,5 | 4 | F40 | Standaard | 475 | 1 950 | 1 710 | 10/100 |
| **Swaardiens** | | | | | | | | |
| F50/180GM | 1,8 | 4 | F50 | Standaard | 650 | 2 370 | 2 030 | 10/100 |
| **BLOWERMOWER™** | | | | | | | | |
| **Ligtediens** | | | | | | | | |
| F25/90BM met grassakraam | 0,9 | 4 | F25 | Opsioneel | 217 | 1 490 | 1 040 | 0/100 |
| F25/90BM sonder grassakraam | 0,9 | 4 | F25 | Opsioneel | 197 | 1 490 | 1 040 | 0/100 |
| **Mediumdiens** | | | | | | | | |
| F40/120BM met grassakraam | 1,2 | 4 | F40 | Opsioneel | 359 | 1660 | 1410 | 0/100 |
| F40/120BM sonder grassakraam | 1,2 | 4 | F40 | Opsioneel | 338 | 1660 | 1410 | 0/100 |
| F40/150BM met grassakraam | 1,5 | 4 | F40 | Opsioneel | 471 | 1950 | 1710 | 0/100 |
| F40/150BM sonder grassakraam | 1,5 | 4 | F40 | Opsioneel | 451 | 1950 | 1710 | 0/100 |
| **Swaardiens** | | | | | | | | |
| F50/150BM met grassakraam | 1,5 | 4 | F50 | Standaard | 560 | 1 950 | 1 710 | 0/100 |
| F50/150BM sonder grassakraam | 1,5 | 4 | F50 | Standaard | 540 | 1 950 | 1 710 | 0/100 |
| **GESPESIALISEERDE GRASSNYERS** | | | | | | | | |
| Rotagang® | 1,75 | 12 | F25 | Sonder | 421 | 2 560 | 2 050 | 10/50 |
| TurfPro Finishing Mower | 2,1 | 12 | F210 | Sonder | 470 | 1 560 | 2 245 | 0/60 |

## GRASSNYERS

Die Falcon-grassnyer lewer veilig 'n perfekte afwerking. Daar is modelle vir 'n verskeidenheid van toepassings, met snywydtes wat wissel van 0,9 tot 2,16 m en snyhoogtes tussen 0 en 100 mm.

Implementkeuse moet nie net op snitgehalte gebaseer word nie, maar ook op gemak van instandhouding, eenvoud van gebruik en die kennis dat die implement jou jare sal hou, aangesien goeie grasbaanbestuur die gereelde gebruik daarvan sal vereis.

### FALCON ROLLERMOWER

**BIED 'N NETJIES EN EWEREDIGE SNIT. VEILIG, BEKOSTIGBAAR EN DUURSAAM.**



**GEBRUIK:** alle grasgebiede van grasperke tot polovelde met trekkers tussen 10 en 60 kW

**VOORDELE**

▪ Lae koste ▪ 'n Veilige, netjiese snit ▪ Sny tot teenaan heinings ▪ Verstelbare snyhoogtes ▪ Beskikbaar in 'n verskeidenheid werkswydtes

### FALCON GRASSMULCHER™

**ONTWERP OM PERFEKTE AFWERKING TE LEWER EN SKAKEL OPRUIM-PROBLEME UIT.**



**GEBRUIK:** enkelaksie-instandhouding van sportvelde en parke met trekkers tussen 15 en 60 kW

**VOORDELE**

▪ Skakel optelprobleme uit en bied perfekte afwerking ▪ Veilig ▪ Snymeganisme volledig omhul en ontwerp om snysels te herwin, te hersny en fyn snysels oor volle breedte van implement te versprei. ▪ Verstelbare snyhoogtes ▪ Beskikbaar in 'n verskeidenheid werkswydtes

### FALCON BLOWERMOWER™

**SNY EN VERSAMEL TEGELYKERTYD. SNYSELS WORD IN HERBRUIKBARE SAK VERSAMEL. BAIE VEILIG.**



**GEBRUIK:** alle grasgebiede van grasperke tot sportvelde met trekkers tussen 10 en 60 kW

**VOORDELE**


▪ Die implement kan baie veilig in openbare gebiede gebruik word, omdat die snymeganisme volledig omhul is ▪ Gras word tegelykertyd opgetel en in 'n sterk herbruikbare sak ingeblaas ▪ Verstelbare snyhoogtes ▪ Beskikbaar in 'n verskeidenheid werkswydtes ▪ Kom met of sonder grassakraam

**Die voordeel om gras gereeld te sny, is eenvoudig dat dit die gehalte van die gras verhoog.**

### OM DIE "WEMBLEY"-EFFEK TE SKEP

'n "Wembley"-effek is voordelig vir die estetiese voorkoms van sportvelde, gholfbane en parke. Hierdie effek word verkry deurdat die rollers die gras in die snyproses eers in een rigting en dan in die teenoorgestelde rigting stoot.

Die Falcon Rollermower, Grassmulcher™ en Blowermower™ loop almal op volwydte-rollers met geronde ente sodat die snyers die "Wembley"-afwerking kan skep sonder om die gras te beskadig. Die geronde ente maak dit ook moontlik om die trekker te draai sonder om die implement op te lig.



## GESPESIALISEERDE GRASSNYERS

Die Falcon-familie van presisie-grasbaanimplemente stel gebruikers in staat om uiters hoëgehalte-afwerkings op 'n verskeidenheid grasoppervlakte te behaal. Hierdie grassnyers sny en versprei materiaal op 'n beheerde en veilige wyse en hulle eienskappe maak hierdie implementfamilie 'n gewilde keuse vir sportvelde, gholfbane en ander geriewe.

### FALCON ROTAGANG®

**EWEREDIGE SNIT SONDER SKRAPING OP ONGELYKE OPPERVLAKKE**



**GEBRUIK:** word gebruik vir die sny en afwerking van gholfbane, sportvelde, parke en behuisingseiendomme, en kan gematte en saadgras sny met trekkers tussen 25 en 40 kW

**VOORDELE**

▪ Verseker eweredige snit sonder skraping op ongelyke oppervlakke ▪ Loop op strategies geplaaste glystukke, en antiskraap-rollers op elke dek gemonteer vir ekstra beskerming en makliker beweging oor grondkontoere ▪ Ligter dog steeds sterk implement wat tot brandstofbesparing lei ▪ Opligraam is standaard vir die vervoer van die implement tussen werksareas ▪ Baie min instandhouding ▪ Snyhoogtes is verstelbaar ▪ Snywydte van 1,75 m ▪ Elke rotor is onafhanklik gemonteer sodat elke eenheid op sy eie vlak kan beweeg

### FALCON TURFPRO FINISHING MOWER

**HOË GEHALTE AFWERKING VIR HOË GEHALTE GRASPERK**



**GEBRUIK:** sportvelde, golfbane en areas met hoë gehalte grasoppervlakke met trekkers tussen 35 en 50 kW

**VOORDELE**

▪ Hoë afwerking en sny ▪ Baie min instandhouding ▪ Betroubaar ▪ Vinnig en maklike verstelbare snyhoogte ▪ Beskikbaar in werkswydte van 2,1 m